



## UIT DIE SENIOR DIREKTEUR SE KANTOOR

### IN THIS ISSUE:

Page 2 IFLA 2010

Page 2 Focus on  
Elsevier  
e-Books

Page 3 SAOUG  
conference

Page 3 Short loans  
material  
online

Page 4 Boekpraatjie  
met Karin  
Brynard

Page 4 Libraries  
and mobile  
technology

Welkom by die tweede uitgawe van Bibnuus vir 2010. Die jaar staan al weer einde se kant toe! Met al die gebeure, verwikkelinge en projekte soos bv. die Hoop-projek by die Universiteit en die Biblioteek- en Inligtingsdiens, het die jaar verbygesnel. Die oprigting van 'n leersentrum en 'n navorsingsentrum in die JS Gericke Biblioteek vorder fluks en as alles vlot verloop, sal beide sentrums vroeg in Januarie 2011 in gebruik geneem kan word. Biblioteekpersoneel en studente is opgewonde en kan skaars wag vir die voltooiing van hierdie inisiatiewe wat 'n groot bydrae kan maak tot die verwesenliking van die Universiteit se strategiese doelwitte. Lees gerus meer oor die navorsingsentrum hieronder.

In Augustus het ek die IFLA World Library and Information Congress in Gothenburg, Swede, bygewoon. Dit was beslis 'n hoogtepunt van my termyn as IFLA president vir 2009-2011. Die tema van die kongres "Open Access to Knowledge – Promoting Sustainable Progress", was geïnspireer deur my presidensiële tema, "Libraries Driving Access to Knowledge". Die oop toegang tema is deurgevoer van die verskeie voorkonferensies tot die openingseremonie, die hoofsessies en die professionele programsessies. Twee personelede van die Biblioteek- en Inligtingsdiens, dr Reggie Raju, Direkteur: Informasietegnologie en Kommunikasie, en me Elbie van Wyk, inligtingsgeletterdheidsbibliotekaris en leersentrumbestuurder, het die kongres saam met my bygewoon. Elbie skryf oor haar ervaringe op bladsy 2.

Soos gewoonlik is daar ook ander interressantehede en gebeure soos Karin Brynard se boekpraatjie. Geniet die lees. Tot volgende keer.

Ellen R Tise.

## A RESEARCH COMMONS FOR THE JS GERICKE LIBRARY

A high-level research environment intended for exclusive use by masters and doctoral students and researchers is currently under construction in the JS Gericke Library. The construction is expected to be completed at the end of 2010 and the Research Commons will be opened in 2011.



The main aim of the Research Commons is to enhance the Library's contribution to postgraduate throughput and research output by providing an environment which is conducive to research and offering services which directly support research endeavours of post-graduate students and researchers.

The momentum for the creation of the Research Commons was set off by funding from the Carnegie Corporation of New York (CCNY), who has funded the Research Libraries Consortium in South Africa. Stellenbosch University, recognising the potential of a highly sophisticated postgraduate research environment supporting its mission of increasing postgraduate throughput and research output, has made a more than eighty percent financial top-up for the construction of the Research Commons.


The Commons will be located on the lower level of the Library and the following facilities, among others, will be available: conferencing facilities in the seminar rooms; book shelves with reading material, including reference works, newspapers and current journals; lockers; fixed and movable plasma screens in the seminar rooms as well as the open lounge area; a coffee bar in the lounge area and wireless internet access.

High level research support will be available in the form of personalised assistance by highly skilled librarians and continuous consultation and collaboration opportunities with cognate partners for expert research support. Workshops and presentations will also be presented to enhance academic writing and research techniques. The Research Commons will be an ideal place for research discourse activities.

## IFLA WORLD LIBRARY AND INFORMATION CONGRESS 2010

Elbie van Wyk, inligtingsgeletterdheidsbibliotekaris in die JS Gericke Biblioteek het saam met me Ellen Tise (Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdiens) en dr Reggie Raju (Direkteur: Informasietegnologie en Kommunikasie), vanjaar se jaarlikse IFLA konferensie in Gothenburg, Swede, bygewoon. Sy deel die volgende indrukke met ons:

*"Die atmosfeer by die Swedish Exhibition and Congress Centre*



*Me Ellen Tise, IFLA president 2009-2011*

in Gothenburg was opgeruimd en vol afwagting – hoe dan anders as daar 3000 biblioteekliefhebbers van reg oor die wêreld saam in een plek bymekaarkom! Konferensiegangers is tydens die openingseremonie deur Agneta Olsson, die voorsitter van die nasionale komitee, hartlik verwelkom. Daarna het Ellen Tise (IFLA president 2009-2011) die verhoog betree en kenmerkend passievol oor haar presidensiële tema “Libraries driving access to knowledge” gepraat, waarna sy die konferensie amptelik oop verklaar het. Haar openingsrede kan op die IFLA webtuiste by <http://2010.ifla.org/node/737> gelees word.

Die openingseremonie het die toon aangegee vir 'n interessante week wat sou volg. Uit 'n inligtingsgeletterdheidsperspektief was een van die hoogtepunte 'n lesing getiteld "Get the edge, get ahead: QUT Library's approach to learning support" deur Vicki McDonald van die Queensland University of Technology in Australië. In die lesing noem sy dat *inligtingsgeletterdheid* plus *akademiese geletterdheid* saam *geïntegreerde geletterdheid* genoem word. Dit is 'n uiters belangrike konsep gesien in die lig van wat tans by Universiteit Stellenbosch gedoen word rondom akademiese geletterdheid en bevestig weer eens dat verskillende

het is dat die biblioteke van binne ultra modern ingerig is maar van buiten nog onveranderd lyk. Hulle slaag dus daarin om die oue met die nuwe te laat saamsmelt sonder om afbreuk te doen aan die historiese karakter van die geboue.

Wat die werkinge van die biblioteke betref was sy veral beïndruk met hoe gebruikers van die biblioteke bemagtig word met byvoorbereeld self-help dienste vir die uitneem en terugbesorg van boeke. Biblioteke daar gebruik oor die algemeen die sg. RFID (Radio-Frequency Identification) sisteem wat in sommige gevalle nie net die uitneem en terugbesorg van boeke ten volle automatiseer nie, maar ook selfs die sortering van boeke wat weggepak moet word. Gebruikers kan ook gereserveerde materiaal self afhaal en uitneem. Dit bring natuurlik 'n groot besparing aan personeeltyd te baan en inligtingsdienspunte by al die biblioteke wat sy besoek het saam as eenhede funksioneer. Dit bied aan die gebruiker 'n eenstop-diens. IFLA 2010 was duidelik 'n verrykende ervaring vir enige bibliotekaris. Verdere inligting oor die konferensie is beskikbaar by <http://www.ifla.org/en/ifla76/>.

## FOCUS ON ELSEVIER ELECTRONIC BOOKS

Electronic books are becoming increasingly popular at Stellenbosch University. And with good reason! E-books offer a host of benefits for our discerning students and staff. Besides being available 24/7/365, one is able to search within books, search across collections of electronic books, instantly link between journals and e-books and utilise powerful search capabilities to find information within these titles.

Stellenbosch University Library clients currently have access to the electronic books

of well known publisher Elsevier. This means that they have access to some of the most authoritative scholarly e-books available, on a powerful online platform that merges scholarly journals with electronic books. These electronic books cover a full range of scientific disciplines. Researchers thus have the benefits of flexible and convenient access and a truly enhanced searching experience.

In order to further examine the use of e-books and their value for research, Stellenbosch University is currently participating

rolspelers op kampus nouer moet saamwerk om die ideaal van *geïntegreerde geletterdheid* te bereik."

Elbie het tydens die konferensie ook besoek afgelê by verskeie biblioteke in Gothenburg, o.a. die Gothenburg Universiteitsbiblioteek (sentrale biblioteek sowel as die leersentrum op die Linné kampus), Chalmers University of Technology Biblioteek en die Gothenburg Stadsbiblioteek. Wat veral opgeval

was die werkinge van die biblioteke betref was sy veral beïndruk met hoe gebruikers van die biblioteke bemagtig word met byvoorbereeld self-help dienste vir die uitneem en terugbesorg van boeke. Biblioteke daar gebruik oor die algemeen die sg. RFID (Radio-Frequency Identification) sisteem wat in sommige gevalle nie net die uitneem en terugbesorg van boeke ten volle automatiseer nie, maar ook selfs die sortering van boeke wat weggepak moet word. Gebruikers kan ook gereserveerde materiaal self afhaal en uitneem. Dit bring natuurlik 'n groot besparing aan personeeltyd te baan en inligtingsdienspunte by al die biblioteke wat sy besoek het saam as eenhede funksioneer. Dit bied aan die gebruiker 'n eenstop-diens. IFLA 2010 was duidelik 'n verrykende ervaring vir enige bibliotekaris. Verdere inligting oor die konferensie is beskikbaar by <http://www.ifla.org/en/ifla76/>.

in a world-wide study about the use of Elsevier e-books on Science Direct. These studies are important for the future of both libraries and publishers and will eventually play a role in the further development of electronic books and how they are used in libraries. Several international universities are partaking in this study. These include, amongst others, University of Illinois Urbana Champaign, Purdue University, University of Hong Kong and Indiana University. We will keep you updated about the results of the study.

## SOUTHERN AFRICAN ONLINE USER GROUP KONFERENSIE

Die Southern African Online User Group is in 1979 gestig en vergader elke tweede jaar met die doel om die ontwikkeling en gebruik van aanlyn en ander inligtingstelsels te bevorder en 'n forum vir gebruikers daarvan te bied om ondervindinge te bespreek en idees uit te ruil. Vanjaar was 'n besonderse jaar, aangesien die konferensie hul 10de verjaarsdag gevier het. Vyf bibliotekarisse van die Biblioteek- en Inligtingsdiens, nl. Naomi Visser, Ilse de Lange, Alvina Matthee, Marleen van Wyk en Melinda Heese, het hierdie geleentheid tussen 3 en 6 Augustus in Pretoria bygewoon.

Op die program het woorde soos virtuele omgewing, e-boeke, Wikipedia, Google, "mind maps", "cloud computing" en "embedded librarians" die aandag getrek. Die aanbiedings was insiggewend en die konferensie was oor die algemeen baie professioneel aangebied en goed georganiseer. Daar was ook 'n aantal leweransiers teenwoordig en afgevaardigdes het die geleentheid gehad om persoonlik met hulle te gesels en hul stalletjies te besoek.

Een van die konsepte wat veral aandag getrek het en wat die bibliotekwêreld deesdae aan die praat het is dié van in-

**"In its essence, embedded librarianship is a transformative new model for the management and delivery of information."**

David Shumaker

geslote of geïntegreerde biblioteekkunde, sg. "embedded librarianship".

Die SAOUG konferensie is op 3 Augustus voorafgegaan deur 'n werkswinkel getiteld *Succeeding with embedded librarianship: a self-assessment* waar prof David Shumaker van die Catholic University of America se skool vir Biblioteek- en Inligtingkunde oor hierdie konsep gepraat het.

By die konferensie self het hy die onderwerp verder bespreek met sy bydrae *Breaking out of the box: the promise of embedded librarianship*. Hy beskryf dit as 'n transformatiewe nuwe model vir die bestuur en lewering van inligting: "It supersedes and replaces the way we've done business for over a hundred years. It implies a change in one of the core values of our profession: our exemplary service."

Die kenmerke van "embedded librarianship" is onder andere:

- Verskuiwing van fisiese omgewing – die bibliotekaris verskuif vanuit die tradisionele "biblioteek-ruimte" na die navorsingskantoor.
- By rekenarmatige opleiding word bibliotekarisse toenemend geïntegreer in die virtuele klaskamer.
- "Dienslewering" word vervang met "vennootskap". Die bibliotekaris is mede-verantwoordelik saam met die res van die span vir uitkomste. By akademiese instansies bestaan daar

'n vertrouensverhouding tussen fakulteit en bibliotekaris vir die ontwikkeling van deurlopende onderrig vanaf die eerste studiejaar tot nagraadse gespesialiseerde inligtingsvaardighede.

Ten slotte sê Shumacker: "The embedded librarian, who is truly integrated into the academic, administrative, athletic, cultural, research, teaching, and learning arenas of the university, provides quality and depth to the total campus experience. ... The power of embedding goes further than the library because it informs and improves the mission of the university for excellence in teaching and research. ... Recognition of the power of embedding, integrating, and collaborating leads to amazing innovation in the academy that would not exist without the influence and leadership of librarians".

By die Universiteit Stellenbosch Biblioteek- en Inligtingsdiens het die Fakulteitsbibliotekaris-afdeling reeds in die afgelope tien jaar met verskeie inligtingsgeletterdheidsprogramme, waarvan sommige kurrikulum-geïntegreerd is, in die rigting van "embedded librarianship" begin beweeg. Ons skip is dus reeds op koers en moet nou net veel vinniger vaar om die potensiaal van hierdie samewerking tussen bibliotekarisse en die akademie verder te ontsluit.

Alle aanbiedings wat by die konferensie gelewer is, is beskikbaar by die SAOUG webtuiste by [www.saoug.org.za](http://www.saoug.org.za).

## SHORT LOANS MATERIAL AVAILABLE ONLINE

The Library and Information Service is pleased to announce a new electronic reserve service which was established on 1 September 2010. The new system provides full-text, online access to journal articles and notes which were traditionally only available in paper format in the Library's short loans section.

Instead of placing paper copies of notes and articles on the short loans section's shelves, the Library now digitises these


documents and makes it available through the Library's online catalogue. A direct link to the short loans database of the online catalogue has been provided on the Library homepage under "Information Resources".

The e-reserve process is similar to the traditional process in that lecturers still have to supply the Library with a paper copy accompanied by the usual copyright clearance. Staff in the short loans section

will then process the paper copy and make it available online.

The e-reserve service eliminates many problems which were experienced with the traditional paper system, such as stolen, missing and damaged pages, cramped shelves and unavailability due to the check-out system. With the new system, we look forward to providing both lecturers and students with a friendlier and enhanced short loans system.

## BOEKPRAATJIE MET KARIN BRYNARD



Die Biblioteek- en Inligtingsdiens het op 1 September 2010 weer 'n suksesvolle boekpraatjie aangebied, hierdie keer met Karin Brynard, skrywer van die speurverhaal, *Plaasmoord*, aan die woord.

*Plaasmoord* is Brynard, 'n joernalis, se debuutroman. Tydens die praatjie het sy vertel hoe moeilik dit was om die stap van joernalis na fiksie skrywer te neem, aangesien sy as joernalis gewoond is om stukke te skryf wat op feite gebaseer is.

Juis om hierdie rede het sy ekstensiwe navorsing vir skryf van die roman onderneem en feite in die verhaal ingewerk. Dit het natuurlik ook veroorsaak die manuskrip 'n paar keer verkort moes word en steeds het die boek opgeëindig as 'n stewige volume van oor die 500 bladsye!

Brynard het haar passie vir haar werk as joernalis en politieke beriggewer, veral in die stormagtige tagtigerjare, met die gehoor gedeel. Sy het ook vertel van haar kinderjare en haar bewondering vir biblioteke en die vermoë wat hul beskik om kennis te orden, te bewaar en beskikbaar te stel.

Dit is duidelik dat die skryf van 'n roman soos *Plaasmoord* geen maklike taak is nie. Daar is verskeie ernstige deurlopende temas in

die boek, soos bv. armoede en grondkressies, wat aangeraak word, maar steeds moet die verhaal so spanningsvol wees dat die leser deurentyd met afwagting omblaai.

Brynard het met insig en eerlikheid vertel van die uitdagings van navorsing rondom plaasmoorde, veral wat betref statistiek. Sy het ook navorsing gedoen rondom sosiale kwessies in die Noord-Kaap, die Griekwas se ontstaansverhaal, en talle onderhoude gevoer met mense wat plaasaanvalle oorleef het, families van slagoffers en lede van die polisie.

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens waardeer dat die skrywer tyd afgestaan het om iets van haar eie lewe asook van die wordingsproses van 'n roman met 'n baie geïnteresseerde gehoor te deel.



## LIBRARIES TAPPING INTO THE MOBILE TECHNOLOGY INDUSTRY

**"Society may be on the verge of a revolutionary phase of mobile device use in higher education generally and in libraries in particular."**

**Joan Lippincott**

Currently available via your cellphone. These databases offer applications which are tailor-made for the small screens of mobile devices and offer the same potent search capabilities as the web versions. This means that students and researchers can access scholarly information from these databases from their cell phones anytime, anywhere.

Most students own cell phones and the capabilities of these phones and other devices are rapidly expanding. This means that access by means of mobile technology is within reach of most students and researchers. This is just another way in which the Library is staying at the forefront of technology that will enable clients to streamline their research activities and become super-efficient information users.

Science Direct and Ebscohost, two major research databases to which the Library and Information Service subscribes, are cur-

Lippincott (2010: 205) makes the point that academic libraries "have the opportunity to extend new types of services to users of mobile devices and to develop, license, or otherwise make available scholarly content that is configured for mobile devices". Stellenbosch University Library and Information Service is looking at configuring its own website for mobile access in the near future.

The use of mobile technology offers challenges and opportunities for academic libraries but the application of this technology could lead to interesting new forms of engagement with students and researchers (Lippincott, 2010 : 210).

### Reference:

Lippincott, J.K. 2010. A mobile future for academic libraries. *Reference Services Review*, 38 (2), 205-213.

